AKADEMIA
AD FUTURUM PER FONTES

# *Deeltydse dosent:* WISKUNDIGE STATISTIEK

PRETORIA

Akademia is 'n Christelike, klassieke en onafhanklike hoëronderwysinstelling wat verbind is tot die uitnemende opleiding en vorming van studente vanuit en vir Afrikaanse taal- en kultuurgemeenskappe. Akademia het vanaf Januarie 2027 op die Pretoria-kampus 'n deeltydse pos as 'n dosent in Wiskundige Statistiek in die Fakulteit Natuurwetenskappe beskikbaar. Kandidate vanaf junior dosentvlak tot en met senior dosentvlak word aangemoedig om aansoek te doen. **Die suksesvolle kandidaat sal lesings in persoon op Akademia se Leriba-kampus aanbied.**

## POSDOELSTELLING

'n Dosent is daarvoor verantwoordelik om gehalteonderrig aan studente te bied deur innoverende klasaanbiedings en leerervarings. Die pos vereis dat akademiese take, navorsing en innovering asook akademiese gemeenskapdeelname ywerig verrig word. Die vorming van studente tot goedgevormde mense word hoog op prys gestel. 'n Dosent streef na erkenning as leier op 'n vakgebied en verdieping in alle klasaanbiedinge.

## VERANTWOORDELIKHEDE

Verantwoordelikhede sluit in, maar is nie beperk nie tot:

- voorbereiding en dosering van die module-inhoud
- opstel van assesseringsaktiwiteite vir 'n kontakleeromgewing
- lewering van bystand en akademiese ondersteuning aan studente
- betrokkenheid by Akademia in die algemeen

## POSVEREISTES

- 'n doktorsgraad is die minimum vereiste vir 'n senior dosentpos, 'n meestergraad vir 'n dosentpos en 'n honneursgraad vir 'n junior dosentpos
- minstens vyf jaar hoëronderwys-ondervinding word vereis vir 'n senior dosentpos, minstens vier jaar vir 'n dosentpos en ondervinding met tutorwerk of ander onderrigverwante aktiwiteite vir junior dosentpos

## VAARDIGHEDE

- sterk verbale en geskrewe kommunikasievaardighede
- interpersoonlike vaardighede
- prioritiserings- en tydsbestuursvaardighede
- onafhanklik in 'n spanverband funksioneer
- inisiatief neem en oplossingsgedrewe wees
- beskik oor vermoë om werk onder druk te voltooi
- 'n ambassadeur vir Akademia wees deur te help om die instelling uit te bou en 'n liefde vir Afrikaans te hê

**Klik hier om vir die pos aansoek te doen.** Slegs Afrikaanse CV's sal aanvaar word. **Aansoeke moet voor of op 8 Oktober 2025 ingedien word.** Stuur 'n e-pos na vakanteposte@akademia.ac.za indien jy probleme met die skakel ervaar.

Akademia behou die reg voor om nie 'n aanstelling te maak nie. Akademia is kragtens die Wet op Hoër Onderwys 75 van 1997 by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding geregistreer (registrasienommer: 2011/HE08/005). Akademia is deel van die Solidariteit Beweging.



Akademia MSW (Maatskappyregistrasienommer: 2005/024616/08) is by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding as privaat hoëronderwysinstelling geregistreer ingevolge die Wet op Hoër Onderwys 101 van 1997, Registrasienommer: 2011/HE08/005; Direkteure: M.J. Visser (besturende direkteur), dr. D.J. Hermann, H.J. Schalekamp, P.W.A. Steyn, prof. D.P. Goosen, P.J.W. Buys en J.D. Symington.